# 'n Kerklik-akademiese portret van B J van der Merwe (1926-1968): Deel Een – student en predikant

**P M Venter**

**Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afd A)**

**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**A pastoral-academical portrait of B J van der Merwe (1926-1968): Part one – student and minister**

***This first part deals with Van der Merwe's tertiary education, his year as church minister, as well as his preparation and study as doctoral student at the University of Groningen, Netherlands. The influence of Van Selms, Gemser and Vriezen is discussed, as well as his first publications and his doctoral thesis.***

## 1. INLEIDING

### 1.1 Doelwit

Hierdie reeks van twee artikels bring hulde aan B J van der Merwe. Hy het uitsonderlik presteer in sy kort leeftyd. Die artikels probeer ook 'n beeld gee van 'n baie dramatiese tyd in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk en van Suid-Afrika. Om Ben van der Merwe se lewe in perspektief te sien, moet dit teen die agtergrond van die tendense in die Ou-Testamentiese wetenskap tussen die vierde en sesde dekade van hierdie eeu gesien word. Dit word hoofsaaklik in die eerste artikel behandel.[1] Sy lewe moet ook teen die sosio-historiese en kerklike agtergrond van Suid-Afrika in daardie tyd bekyk word. Dit kom in die tweede artikel aan die orde.

---

[1] Hierdie eerste artikel word opgedra aan mev Frieda Vorster, eggenote van wyle B J van der Merwe en aan hulle vier kinders Alma, Barend, Paul en Ragel-Lea.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die biografiese gegewens is bekom deur telefoniese navrae, gesprekke en vraelyste aan mense wat hom geken het, sy vriende en kollegas en sy eggenote. Ek dank hulle vir hulle welwillende samewerking.

## 1.2 Inleidende oorsig


Barend Jacobus van der Merwe (gebore 11 Mei 1926) is gedurende 1945 tot 1950 opgelei as predikant vir die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria. Na 'n jaar as predikant in Silverton vertrek hy aan die einde van 1952 na Nederland vir verdere studie. Hy promoveer onder leiding van prof dr Th C Vriezen op 13 Januarie 1956 aan die Rijksuniversiteit Groningen.

Na sy terugkeer uit Nederland dien hy as predikant in die gemeentes van Johannesburg en daarna Magaliesburg. Hy word senior lektor in Semitiese tale aan Unisa in 1964 en senior lektor in Ou Testament aan dieselfde universiteit in 1966. Hy is na 'n kort siekbed oorlede op twee en veertig jarige ouderdom op 22 Oktober 1968. Na sy dood word hy in *Theologia Evangelica* (April 1969:5) deur sy kollegas gehuldig as 'n teoloog van groot formaat: "Sy werk as akademikus is buite die grense van sy vaderland erken as van hoogstaande gehalte, sy proefskrif oor Pentateug-motiewe by Deutero-Jesaja het wye erkenning geniet en sy kleiner publikasies is oral beskou as waardevolle vakliteratuur."

Jare na sy dood word daar nog steeds na sy publikasies verwys. In Beuken se kommentaar op Jesaja (1979), in die reeks *Prediking van het Oude Testament*, verwys hy na Van der Merwe se proefskrif (vgl Beuken 1979:149, 317, 232, 322). Hy verwys ook na sy artikel "Onverdiende genade" van 1954 (vgl Beuken 1979:190, 319) en sy artikel van 1955 oor die betekenis van woordvoerders in die Ou Testament (vgl Beuken 1979:319). Koole verwys ook in sy kommentaar op Jesaja 49-55 (1990), in die reeks *Commentaar op het Oude Testament*, na Van der Merwe se proefskrif (vgl Koole 1990:11). In Jenni en Westermann se *Theologisches Handwörterbuch* word in Band 1 op bladsy 846 onder die hoof *kpr* verwys na sy artikel *Laying on of hands* van 1962.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. SY EERSTE LEWENSJARE



[Sy handtekening in die presensielys van die Predikantevergadering van 24 Mei 1960.]

Barend Jacobus van der Merwe was die oudste van twee seuns. Hy is gebore op 11 Mei 1926 in Potchefstroom. Sy pa, ook B J vd Merwe, het geboer op deel 81 van die plaas Leeufontein, distrik Potchefstroom. Die plaas was in destydse mate sowat 820 morge groot en het ongeveer 130 beeste en 200 skape gedra. Ben se pa is op ongeveer vierjarige leeftyd wees agtergelaat na die Anglo-Boereoorlog en is deur sy ouer broers en susters grootgemaak. Sy ma was weer die oudste dogter van 'n gesin waarvan die pa kreupel was en die ma tydens die 1918-griep oorlede is. Sy was verantwoordelik om haar vier jonger broers en susters groot te maak. Vir hulle eerste huweliksjare was hulle nog verantwoordelik vir hulle broers en susters, sodat hulle kinders eers later gebore is.[2]

Sy ouers was nie vermoënde mense nie, maar het ook nie skuld gehad nie. Hulle het egter alles in hulle vermoë gedoen om albei hulle seuns universiteitsopleiding te laat kry. As gevolg van skade deur droogte (veral in 1949 en weer in 1954) was dit nie altyd vir Ben se ouers maklik om hom finansieel te ondersteun gedurende sy studente jare en sy latere doktorale studie nie.

Hy matrikuleer in Desember 1944 aan die Hoërskool Gimnasium Potchefstroom.

## 3. SY BA-STUDIEJARE (1945-1947)

### 3.1 'n Stil student

Hy skryf in 1945 in as student vir die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria om hom as predikant vir die Nederduitsch Hervormde Kerk te bekwaam. Sy familie was reeds geslagte lank lidmate van die Hervormde Kerk in die gemeente Potchefstroom. Sy predikant was ds Johannes Dreyer, redakteur van *Die Hervormer*, met wie hy

[2] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bykans sy hele lewe lank 'n baie goeie verhouding gehandhaaf het. Hoewel Potchefstroom gemeente hom nooit finansieel ondersteun het nie, het hy hulle naam eer aangedoen. Hy benut sy geleenthede ten volle en behaal verskillende prestasiebeurse tydens sy jare op universiteit.[3] Saam met hom in die klas was J M Labuschagne, sy kamermaat in Valhalla ('n anneks van die destydse Voortrekkertehuis) gedurende 1946 en 1947. 'n Ander persoon in sy klas was J P Oberholzer, latere mede Ou-Testamentikus en vanaf 1971 professor en hoof van die Departement Ou-Testamentiese wetenskap aan die Teologiese Fakulteit.

Van huis uit was hy 'n ondersteuner van die beleidsrigting van die destydse Verenigde Party. In die na-oorlogse swaai na die Nasionale Party en die oorwinning van dr D F Malan met die verkiesing in 1948, het dit hom aan die kant van "die ander" geplaas in 'n koshuismilieu wat oorwegend "nasionaal" gesind was. Dit het gelei tot hewige debatte, onder andere met sy kamermaat.[4] Saam met J A A Stoop, sy senior met drie jaar en ene Naas Muller (wat studie gestaak het in sy vierde jaar) is hulle as "Sappe" geëtiketteer en as minderheid selfs geostraseer. Jare later sou hy in 'n gesprek met J A A Stoop,[5] wat toe sy kollega by Unisa was, na hierdie tyd verwys met 'n beeld uit sy kinderdae op die plaas. Dit was as seun sy tydverdryf om by die plaasdam te sit en die waterskilpaaie met sy rek te skiet sodra hulle hulle koppe bo die water uitsteek. Hy het dikwels gevoel dat hy soos een van daardie skilpaaie is wat net sy kop hoef uit te steek en dan is hy die teiken van ander se kritiek.

Hy was as student as 'n redelike introvert deur sy medestudente beleef. Hy het nie deelgeneem aan die gewone studentelewe, verenigingslewe, Van der Hoff pieknieks, Jool en intervarsities nie. Hy was baie stil en teruggetrokke en was besonder toegewyd aan sy studie. Sy buitengewone toewyding aan sy studie en hoë prestasie het besondere bewondering ontlok van sy medestudente. Sy skranderheid het veral in die Hebreeuse klas na vore gekom waar hulle Siriese tekste gelees het onder leiding van prof A S Geyser.[6] Wedersydse agting het veral gegroei tussen hom en C J Labuschagne, sy junior met twee jaar en sy senior J A A Stoop, wat hom aan-

[3] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

[4] Telefoniese gesprek met ds J M Labuschagne 21/12/1998.

[5] Gesprek met prof J A A Stoop 28/12/1998.

[6] Gesprek met prof J P Oberholzer 23/09/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gemoedig het om sy taalvermoë met verdere studie op te volg.[7] Hieruit het die lewenslange vriendskappe ontwikkel met C J Labuschagne tydens hulle studie in Nederland in die middel van die vyftigerjare en met J A A Stoop, wat later die swaer sou word van Labuschagne, toe hulle kollegas geword het by Unisa teen die middel sestigerjare.

In Hebreeus III was die voorgeskrewe werk vir Bybelse argeologie die werke van Albright en Benzinger en vir Bybelse oudheidkunde dié van Volz. Die klas het uit die briewe van Lakis gelees en aantekeninge oor Ugarit en Elefantine afgeneem. Dit was veral hierdie soort literatuur wat die eventuele Ou-Testamentikus, B J van der Merwe, in sy beginjare gevorm het. Aan die einde van 1947 behaal hy die graad BA met lof. Sy drie hoofvakke was Hebreeus, Grieks en Latyn

### 3.2 Sy leermeester A van Selms

Die invloed van sy leermeesters, veral in Hebreeus, was van deurslaggewende belang vir sy latere studie. In Semitiese tale loop hy die eerste twee jaar[8] klas by prof B Gemser en in sy derde jaar by prof A van Selms. Gemser was in daardie tyd professor en departementshoof van Semitiese Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, maar tegelyk ook professor en hoof van Ou-Testamentiese wetenskap in die Fakulteit Teologie. Studente wat Hebreeus as hoofvak vir BA geneem het, soos Van der Merwe en Oberholzer, het gevolglik dwarsdeur hulle opleiding met Gemser te doen gehad. Gemser was dan ook naas Van der Merwe se pa die persoon wat die grootste invloed op sy lewe gehad het.[9] Dieselfde jaar waarin Van der Merwe met sy BD-studie begin het (1948), het Gemser se opdrag by Semitiese Tale ook verval en het hy uitsluitlik Ou Testament vir die BD-studente begin gee.

Hoewel hy langer by Gemser klas geloop het as by Van Selms, en Gemser ook meer invloed op hom uitgeoefen het, het hy tog bepaalde invloed van Van Selms ondergaan. Veral gedurende die laaste paar jare van sy lewe het hy met Van Selms as kollega in die Presbiteriaanse Kerk te doen gekry. Van Selms het hom ook in 1968 in Potchefstroom begrawe. Ek gee op hierdie stadium net aandag aan die vakkundige invloed wat Van Selms in sy vroeë jare op hom uitgeoefen het.

---

[7] Gesprek met prof J A A Stoop 28/12/1998.

[8] Skriftelike mededeling prof C J Labuschagne 07/12/98.

[9] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Selms (22/01/1906-30/4/1984) is in 1938 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as senior lektor in Semitiese Tale onder Gemser. Om sy status as predikant te behou is hy ook benoem aan die teologiese fakulteit met die opdrag om een lesing per week Bybelse argeologie vir BD 1 studente te gee. Hy het hiervoor geen vergoeding ontvang nie. Hierdie laaste benoeming het in 1962 verval toe hy in konflik gekom het met die Hervormde kerk en hy op 30 Junie 1962 bedank het as lektor in Argeologie. Sy werk as dosent in Semitiese Tale is nie daardeur geraak nie. Hy het die Hervormde Kerk in 1964 verlaat (vgl Dreyer 1962:25).

Van Selms se fenomenale kennis het 'n onuitwisbare indruk op sy studente gemaak. Volgens Loader (1989a:7) was die "... hart van Van Selms se lesings ... om sy studente 'n respek vir die Hebreeuse Bybel te leer en om terselfdertyd die kritiese gees, dit wil sê die wetenskaplike gees, in hulle wakker te maak." Oberholzer (1992a:73) beskryf hierdie invloed as 'n "... noukeurige deeglikheid in die filologie en integrering van wetenskap en teologie". Sowel Van Selms as Gemser het vanuit hulle Nederlandse agtergrond invloed van die etiese teologie ondergaan en dit op hulle werk en hulle studente oorgedra. Hierdie rigting kan getipeer word as "... overtuigd rechtzinnig en gebaseerd op de belijdenis, maar gekant tegen alle confessionalistisch theologiseren ..." (Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1968:181) en "... aandacht voor de verbinding van Christendom en cultuur ..." (Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1968:231). Gemser en Van Selms het in hulle vakbenadering tekens getoon van "'n Indringende kritiese sin, handhawing van sowel die historiese kritiek (teenoor die 'orthodoxie') as die kerklike belydenis (teenoor die vrysinnigheid), 'n aversie aan dogmatisme maar waardering vir kerklike verbondenheid" (Loader 1989b:430; vgl ook Loader 1991:18).

Van Selms het teologiese Bybelkritiek bedryf deur van noukeurige navorsing na die teks, die taal en die konteks van die Bybel, deur te beweeg na die onderliggende teologiese struktuur en ten slotte na die breër teologiese konteks van die Bybel as geheel. Hy stuur weg van 'n biblisistiese benadering en hou vas aan die eenheid van die Skrif.

Hierdie eenheid benader hy egter vanuit 'n hoek wat die indruk laat dat hy eerder deduktief werk en geneig was om die groot lyne te trek en van bo na onder te werk.[10] Die koherensie tussen Ou en Nuwe Testament moet volgens hom vanuit die

[10] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoek van die Nuwe Testament gevind word. Veral in sy voordrag voor die predikantevergadering van 29 Februarie 1956 kom hierdie standpunt sterk na vore. Hy stel dit weer eens dat Christus vir hom die *principium canonicitatis* is. Ons vind Hom in die Nuwe Testament. Van daar uit gaan ons na die Ou Testament om daar in profesie en voorafskaduwing die Messias weer te vind. As kerk en teoloë kan ons nie regstreeks na die Ou Testament gaan nie, maar moet dit altyd oor die weg van die Nuwe Testament bereik. Ons kan nie gegewens uit die Ou Testament wat nie in die Nuwe Testament opgeneem is nie, regstreeks buite die Nuwe Testament om op ons lewens en verwagtings betrek nie (vgl Oberholzer 1992a:72).

Hy het egter nie hierdie teologiseringspatroon tot in sy latere werk bly volg nie (vgl Oberholzer 1992a:73). Die manier waarop hy dit in sy vroeëre lewe gedoen het, het aansienlike invloed uitgeoefen op predikante en studente soos Oberholzer en Van der Merwe. Hierdie patroon kom in die publikasies van laasgenoemdes voor tot diep in die sestigerjare. Oberholzer wil nie 'n verklaring waag vir hierdie skuif in Van Selms se latere werk nie. Hy wys egter ook op 'n toonverandering in die skryfwerk van Van Selms en noem in dieselfde asem die opkoms van die ekumeniese teologie vanaf die sestigerjare (vgl Oberholzer 1992a:73). Van Heerden bevestig hierdie verandering en beskryf dit in terme van 'n skuif in epistemologie. Die rasionaliteitsmodel wat ten grondslag lê van Van Selms se werk sover dit sy gebruik van historiese kritiek, tekskritiek en filologie aangaan, was nie konstant nie. In sommige gevalle dra dit die kenmerk van naïewe realisme en in ander die tekens van kritiese realisme. "Dié tweeledigheid is toe te skryf aan die verskillende funksies wat hy aan *perspektiewe* toeken. Indien daar 'n ontwikkeling in sy werk aan te toon is, is dit eerder van kritiese realisme na naïewe realisme as andersom. Sy latere geskrifte (sedert ongeveer die sestigerjare) gee die mees eksplisiete illustrasiemateriaal vir naïewe realisme.." (Van Heerden [1991]:49).

Dit is egter by die vroeë Van Selms, van die veertiger tot vyftigerjare by wie Van der Merwe geleer het hoe om met die Ou Testament te werk.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 4. SY BD-STUDIEJARE (1948-1950)

### 4.1 Die teologiese fakulteit (UP) gedurende die veertiger en vyftigerjare

As BD-student het Van der Merwe met 'n teologiese fakulteit te doen gekry waarin daar sterk onderlinge verskille tussen die dosente was. Waar daar tydens die dertigerjare nog 'n pro-Hollandse houding was, het dit met die Tweede Wêreldoorlog verminder. Die meeste Afrikaners was daar teen dat Suid-Afrika aan die oorlog meedoen. Daar was selfs pro-Duitse sentimente onder sommige van hulle. S P Engelbrecht van Kerkgeskiedenis was dekaan van die Fakulteit van 1927 tot 1928 en 1930 tot 1956. Hy was met 'n Hollander getroud en sy lewe lank pro-Nederlands gesind.[11] Toe die Duitsers Holland inval, het Engelbrecht 'n ondersteuner van die oorlog geword. Hy was uitgesproke anti-Duits "en in die Tweede Wêreldoorlog is hy dikwels 'n Hollandse Sap genoem" (Dreyer 1992:7). Sy twee Nederlandse kollegas, Van Selms en gedeeltelik ook Gemser, het hulle by hom geskaar. J H J A Greyvensteijn van Nuwe Testament moes op 65 afgetree het. Hy het egter vergunning gekry om te bly klas gee en was naderhand al 68. Onder S P Engelbrecht se dekaanskap is hierdie vergunning teruggetrek. A S Geyser is in 1946 in sy pos aangestel nog voordat hy gedoktoreer het. Dit het van Geyser 'n bondgenoot en beskermling van prof S P Engelbrecht gemaak. Hulle het buitendien dieselfde politieke standpunte gedeel. In hierdie proses het daar egter 'n polarisasie in die Fakulteit begin ontstaan met Engelbrecht aan die een kant en H P Wolmarans van Godsdienswetenskap aan die ander kant. Wolmarans het 'n bondgenoot gekry in B J Engelbrecht wat in 1952 as professor en hoof van Dogmatiek aangestel is. Daar het selfs spanninge tussen die Fakulteit en die Algemene Kommissie ontstaan. Die Kuratorium het op sy vergadering van 19 Augustus 1955 besluit om die Algemene Kommissie te versoek "... om so gou as moontlik (verkieslik voor die Pretoriase eeufees) met die Kuratorium 'n broederlike samespreking te hou, saam met die professore, oor moeilikhede wat ontstaan het tussen die Algemene Kommissie en professore van ons Kerk" (Notule Kuratorium 1955:43). Hierdie spanninge het begin afneem toe E S Mulder vir B Gemser in 1956 opgevolg het en A D Pont vir S P Engelbrecht in 1957. H P Wolmarans was dekaan van 1957 tot 1959 en E S Mulder het hom in 1960 as dekaan opgevolg. F J van Zyl is in die plek van H P Wolmarans aangestel in 1960 en S P J J van Rensburg het vanaf 1 Oktober 1962 die plek ingeneem van A S Geyser. Dit het die konflik algaande

---

[11] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ontlont, hoofsaaklik vanweë die feit dat die nuwe aanstellings in sienswyse meer akkoord gegaan het met die algemene siening in die kerkleiding. Die konflik van die vroeë vyftigerjare het egter 'n rol gespeel in die posisionering van Van der Merwe in die Kerk tot aan die einde van sy lewe.

Ook in teologiese oriëntering was daar verskille tussen die dosente. J H J A Greijvenstein (1917-1945), S P Engelbrecht (1921-1956), H P Wolmarans (1935-1958) en B Gemser (1926-1955) was die vier lede van die "ou fakulteit". Almal van hulle het hulle vormingsjare in Nederland deurgebring en het almal die modernisme asook die (Nederlandse) gereformeerde tradisie afgewys (vgl Van Heerden [1991]: 34). Veral Greijvenstein was daarvoor bekend dat hy die etiese rigting nagevolg het, terwyl H P Wolmarans eerder aansluiting gevind het by Brunner en die dialektiese teologie.

Volgens Engelbrecht (1992b:5) het daar sedert A S Geyser se aanstelling in 1946 'n "rigtingverandering" in die Fakulteit gekom en 'n "ommeswaai". Geyser het gemeen dat die belydenisse van die kerk op verouderde tekste en uitlegmetodes berus. "Die Bybeluitlegger is volkome vry en aan niks gebonde behalwe aan die wetenskaplike teksvasstelling én metodologie nie" (Engelbrecht 1992b:5). Daar tree ook 'n wending in lojaliteit teenoor hom in in die beriggewing in *Die Hervormer* sedert sy studieverlof oorsee in 1951-1952, moontlik vanweë die invloed van die ekumeniese teologie waaraan hy toe blootgestel was. Hy was gasdosent in 1951 aan die Rijksuniversiteit van Utrecht (en weer in 1959 aan die Universiteit van Sorbonne in Parys). Hy doseer vir 'n tyd lank ook Praktiese Teologie en ploeg van die insigte wat hy in Nederland gekry het, in sy lesings in. Sy vertolking van die vokskerkidee verskil van dié van sy kollegas. Hy sien daarin 'n ooreenkoms met die Duitse nasionaal-sosialisme. Volgens hom word dit as 'n ondersteunende ideologie by die kerkbegrip gebruik wat die gerigtheid van die kerk inperk tot 'n nasionale politieke begrensing. Hierdie standpunte sou aanleiding gee tot die latere botsings in die Hervormde Kerk in die vroeg sestigerjare.

B J Engelbrecht self het sedert sy aanstelling in 1952 Dogmatiek vanuit 'n Barthiaanse uitgangspunt aangebied. Omdat Dogmatiek vir hom kerklik is, dit wil sê "... konfessioneelgebonde" (Engelbrecht 1992b:8) het hy in sy departement ook die Institusie van Calvyn en aanverwante literatuur oor die belydenisse voorgeskryf. Sy vakbenadering was 'n "... Calvinisties-Barthiaanse perspektief krities tot in die byderwetse nuwe teologie van vandag" (Engelbrecht 1992b: 8). Sedert A D Pont in


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1957 hoof van Kerkgeskiedenis geword het, het hy die skopus van Kerkgeskiedenis wyer gemaak as S P Engelbrecht wat op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gekonsentreer het. Hy het nie net sterk klem gelê op die werk van Luther nie, maar hom veral toegespits op Calvyn.

Ook na buite is 'n teologiese beeld van diversiteit gekaats. Deist spesifiseer in meer besonderhede dat die etiese rigting wat in die Hervormde teologie gevolg is, die is van die *latere etici*. Dit was hierdie vorm van kritiese realisme wat verhoed het dat die fundamentalisme 'n houvas op die Hervormde Kerk gekry het (vgl Deist [1991]: 28). Van Heerden ([1991]:26) sien die saak ietwat breër. Die buitelyne van die Hervormde tradisie in Suid-Afrika, net soos die in Nederland, kan volgens hom nie baie skerp getrek word nie. "Sommige teoloë word beskou as tipiese eksponente van die etiese tradisie (Greijvenstein en Gemser), ander wys graag op hulle konfessionele (Rautenbach), of ortodokse (Van Selms), of neo-Reformatoriese (Wolmarans) agtergrond. Daar is selfs diegene wat positiewe geluide gemaak het oor die neo-Calvinisme (B J Engelbrecht)" (Van Heerden [1991]:26).

Dit is tot op hede geen uitgemaakte saak of die etiese rigting of die konfessionele rigting die kenmerk is van Hervormde teologie nie (vgl Van Wyk 1998). Wat wel met verdrag duidelik sou word, was dat die teologiese benadering van H P Wolmarans besonder sterk invloed uitgeoefen het. Wolmarans het sy teologie op die openbaringsbegrip gebaseer. Saam met Brunner het hy Woordopenbaring bo natuuropenbaring as uitgangspunt gekies. Teologie "... wat gegrond is op 'n verkeerde openbaringsbegrip, moet die vrug en resultaat wees van 'n verkeerde geloof en daarom moet die teologie wat die openbaring in Christus nie as die enigste openbaring aanvaar nie, 'n wetenskaplike bewerking van die ongeloof wees" (Van Zyl 1992: 373). Hierdie beskouing het saam geloop met die opkoms van histories-geïnteresseerde teologieë soos die "heilshistoriese teologie" (Van der Merwe & Van Wyk 1992: 389; vgl ook Oscar Cullmann se *Christus und die Zeit* [1946] en herdrukke). Dit was die voorloper van die rol wat die dialektiese teologie later in die teologiese fakulteit sou speel.

By hierdie benadering het die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap geredelik aangesluit. Vanuit 'n eties-teologiese raamwerk is histories-kritiese navorsing verbind aan 'n teologie wat baie sterk binne 'n openbaringsidioom bedryf is. Die vakbenadering wat in Semitiese Tale sowel as by Ou Testament gevolg is, was in die woorde van Weiser van 1935 daarvan oortuig dat die teologiese plek en wetenskap-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

like karakter van die vak staan of val "... mit einer nach allen Seiten hin aufgeschlossenen historisch-kritischen Arbeit, die die mannigfachen Methoden und Ergebnisse literarischer, historischer, religionsgeschichtlicher und religionspsychologischer Forschung zu handhaben und fruchtbar zu verwerten versteht ..." (Weiser 1961:184).

Wanneer E S Mulder by die opening van die teologiese fakulteit op 13 Februarie 1967 terugkyk op die beoefening van Ou-Testamentiese teologie die afgelope 50 jaar aan die fakulteit, meen hy dat daar 'n wending in die vakgebied sedert die Eerste Wêreldoorlog gekom het. Die navorsing het al meer toegespits geraak op die "... eie aard van die lewe van Israel" (Mulder 1968:7), die *Geistesgeschichte* van die Ou Testament met die spesifieke religieuse waardes daarvan. Filologie, argeologie, inleidingswetenskappe, eksegese en ook vrae aangaande teologie en geloof het in die fokuspunt gekom. As gevolg van Barth met sy dialektiese teologie en bestempeling van die Ou Testament en Nuwe Testament as profeties-apostoliese geskrifte, het daar 'n "... teologiese nieubesinning in die Ou-Testamentiese wetenskap ingetree ..." (Mulder 1968:7). Naas Eichrodt se beskrywing van die geloofswêreld van die Ou Testament in die strukturele samehang daarvan ten opsigte van religieuse *Umwelt* en die wesensamehang met die Nuwe Testament, beskou Mulder die werk van W Vischer (*Das Christuszeugnis* [1936]) as van besondere groot betekenis. Hy heg besonder waarde aan Vischer se beklemtoning dat Ou en Nuwe Testament 'n eenheid vorm en dui "... op die laaste werklikheid Jesus Christus wat aan die Ou Testament sin gee" (Mulder 1968:8). Die ander verdienste van Vischer, volgens Mulder, is dat sy werk 'n verbindingslyn trek tussen die navorsing na die werklike lewe van Israel en Barth se Woord van God-teologie. Hierdie verbinding het ook deurgeslaan op die gebied van die eksegese waar die vraag gestel word hoe die histories-kritiese eksegese met die hermeneutiese riglyne van die Reformatoriese Bybeluitleg verbind moet word" (Mulder 1968:9).

Fensham (1969) merk die tyd tussen die koms van B Gemser in 1926 en die stigting van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in 1957 af as die tweede fase van die beoefening van die vak van die Ou Testament in Suid-Afrika. Dit is in hierdie tyd dat Van der Merwe as teoloog en as Ou-Testamentikus gevorm is. Die etiese benadering met 'n affiniteit vir kritiese wetenskap tesame met die dialektiese tendens vir openbaring en 'n Christologiese hantering van die Ou Testament sou deel word van sy teologiese mondering.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.2 As BD-student

Die ná-oorlogse omstandighede het die studente van daardie tyd besonder krities gestem. Hulle het dikwels uit hulle eie teologiese boeke aangekoop het en daaroor debat gevoer.[12] Van der Merwe het uitstekend gevaar in sy BD-studie. In sy aansoek om 'n beurslening vir 1950 moes hy die simbole verskaf van sy laaste eksamen (November 1949). Sy uitslae vir die BD 2-eksamen was soos volg: Ou-Testamentiese wetenskap A; Nuwe Testamentiese wetenskap A+; Godsdienswetenskap A-; Dogmatiek A; Geskiedenis van die Christendom A; Ensiklopedie A.

Hy was 'n baie skrander student en kon skerpsinnige opmerkings maak. Hy was nie baie sosiaal nie, maar kon binne die kleiner kring meelewend en baie spitsvondig en humoristies wees.[13] Tydens die afsluitingsdinee in sy finale jaar[14] het hy die bedanking en afskeidswoord namens sy groep gedoen. Hy het op 'n gemaakernstige noot die boodskap aan die agterblywende studente gegee wat Abraham aan sy dienaars gegee het toe hy Moria op is om Isak te gaan offer: "Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en sal dan na julle terugkom" (Gen 22:5). Die teenwoordige dosente het die skimp oor die esel gesnap en dit amusant gevind. Hy was op besonder goeie voet met al sy dosente. Prof H P Wolmarans het wel probleme gehad dat hy nie sy skrif kon lees nie.[15]

Hy was so besig met studeer dat hy nie eintlik met dames uitgegaan nie.[16] Nadat hy sy laaste eksamen vir sy BD voltooi het, het hy een aand vir Frieda (J S) Smith uitgeneem. Sy was die oudste dogter van ds P J Smit, wat reeds in 1943 oorlede is. Sy was ses jaar jonger as Ben. Sy moes later verneem dat hy op daardie stadium alreeds vir twee jaar 'n oog op haar gehad het. Die twee het dadelik besef dat hulle daardie aand hulle huweliksmaats ontmoet het. Tot groot verbasing van sy medestudente[17] het hy by sy terugkoms by die koshuis aangekondig dat hy sy vrou daardie aand uitgeneem het.

Hy het haar dan ook agtien maande later gevra om te trou en hulle is in 1952 in die huwelik bevestig. Aan die einde van 1950 behaal hy sy BD-graad met lof.

---

[12] Gesprek met prof J P Oberholzer 23/09/1998.

[13] Gesprek met ds M J J Redelinghuys 02/12/1998

[14] Gesprek met ds M J J Redelinghuys 02/12/1998

[15] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

[16] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

[17] Gesprek met prof J P Oberholzer 23/09/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.3 Sy leermeester B Gemser

Gedurende sy BD-jare was dit veral die invloed van prof Berend Gemser wat die blywendste indruk op Van der Merwe gemaak het. Hierdie indruk was sowel akademies as persoonlik van aard. Volgens A D Pont[18] was Gemser se invloed op hom veral ten opsigte van noukeurigheid en hardwerkendheid. Waar Van Selms by die betekenis van die Ou Testament meer deduktief gewerk het, was Gemser eerder die een wat presies te werk gegaan het en induktief sy feite gekontroleer het en van onder na bo gewerk het. Dit is eerder by hierdie werkwyse wat Van der Merwe aangesluit het en die onpartydige akademikus geword het wat hom beperk het tot die dinge waarvan hy seker is. Deur die invloed van Gemser is Van der Merwe se ingesteldheid om nie summier of finaal kant te kies nie nog verder uitgebou.

Gemser was hoogleraar aan die Universiteit van Pretoria vanaf April 1926 tot met sy emeritaat in 1955. Daarna word hy hoogleraar in Groningen in 1958. Hy is oorlede in 1962. In *Teks en Uitleg* het hy sowel deel I (Spreuke) en deel II (Prediker en Hooglied) versorg. In *Handbuch zum Alten Testament* het hy *Sprüche Salomos* (1937, 2e druk 1963) versorg. In Verklarende Aantekeninge by die Afrikaanse Bybel het hy Prediker, Jeremia, Daniël 7-12, Hosea en Habakuk vir sy rekening gehad. Mense wat onder hom verder studeer het, was onder andere bekendes soos S du Toit, P A Verhoef en F W Weiss, E S Mulder en B J vd Merwe.

Gemser het die klem baie swaar op eksegese laat val. Bybelstudie waarin historiese en literêre metodes toegepas is op die Bybeldokument, was vir hom die belangrikste deel van die teologie (vgl Oberholzer 1992b:84). Hy het baie klem gelê op die bestudering van die grondtale. Sy slagspreuk was: "... die teoloog se eerste en eintlike boek is die Bybel en daarom moet hy die Bybel in die oorspronklike tale goed ken" (Dreyer 1955:5). Gemser het gebruik gemaak van die "literêr-kritiese *religionsgeschichtliche* metode" (Engelbrecht 1992a: 5). A D Pont, wat een jaargroep voor Van der Merwe was, het Gemser se lesings beskryf as "lang, baie sorgvuldige en presiese diktate oor die betekenis van woorde en begrippe" (Van Wyk 1992:523). "Gemser het nog eksegese gedoen volgens die opvatting van die literêr-historiese skool en sy lesings het gewoonlik gewemel van verwysings na die Assiriese, Babiloniese en Egiptiese dink- en leefwêreld" (Van Wyk 1992:523). Die rol wat die Ou Nabye Ooste in sy vakbeoefening gespeel het en die aandag wat hy aan die tale en kulture daarvan gegee het, dui op die agtergrond van die etiese teologie (vgl Ober-

---

[18] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

holzer 1992b:83). Hy het gebruik gemaak van die bronneteorie as werkhipotese en kon nie sien "... watter 'teologiese' besware teen bronne-onderskeiding bestaan nie" (Gemser 1956:42). Teologie en geskiedenis kan nie geskei word nie omdat "... die O.T.iese Godsdopenbaring ... té sterk met die historiese verweef [is] om die twee benaderings- of beskrywingswyses heeltemal te skei" (Gemser 1956:43).

Gemser het sy studente vir Inleiding kennis laat maak met Sellin, Oesterley-Robinson, Weiser en Bentzen. Vir die Teologie van die Ou Testament het hy die werke van Sellin, Vriezen en Edelkoort voorgeskryf. Vir Hermeneutiek het hy van Bleeker gebruik gemaak en vir Godsdiensgeskiedenis van Buber.

Gemser het hom nie maklik gewaag aan 'n algemene teologie van die Ou Testament nie (vgl Oberholzer 1992b:85). Tog het daar wel "... in die denke van Gemser oor die Heilige Skrif, die geloof en die ampsbediening 'n organiese eenheid bestaan" (Oberholzer 1992b:88). Die histories-kritiese wetenskaplike bestudering van die Ou Testament binne sy antieke kultuurwêreld het vir hom selfs ook 'n organiese eenheid met die bestudering van die Nuwe Testament en die teologiese arbeid van die kerk gevorm. Hierdie gedagtes kom na vore tydens die opening van die fakulteitsjaar in 1945. Hy bepleit by daardie geleentheid histories-kritiese ondersoek van die Skrif. Dit is volgens hom organies verbind aan nadenke daaroor uit die Nuwe Testament, wat vry is van dogmatiese beskouings en dwingelandy van belydenisskrifte. Hy praat oor die verhouding tussen die Testamente as die bedeling van die vervulling en die bedeling van die skaduwees waarin daar reeds ligflitse is van die komende Christus. Sulke ligflitse vind hy in Genesis 3:15 en Daniël 7:13-14.

Volgens Van Heerden ([1991]:64-66) werk Gemser met 'n positiwistiese epistemologie wat meen dat die teks homself aanbied vir menslike waarneming en die leser kan gevolgtrekkings daaruit maak deur middel van 'n noukeurige sifting van data. Gemser waarsku egter by herhaling teen 'n dogmatiese standpunt. Vanuit epistemologiese hoek kan in die lig van Gemser se standpunt van die onbevooroordeeldheid van die Bybelondersoeker, die afwysing van perspektiewe en modelle in die uitleg van die Bybelteks en sy induktiewe metode, dit korrek wees om te sê "... dat Gemser binne 'n positiwistiese epistemologiese raamwerk gewerk het. Maar dan was hy 'n 'sagte' positiwis, aangesien resultate van wetenskaplike ondersoek nie vir hom gelykgestaan het met 'die waarheid' nie en hy 'n besondere (self)kritiese sin gehad [het]" (Van Heerden [1991]:42).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 5. SY EERSTE PREDIKANTSJARE (1951-52)

### 5.1 Predikant van Silverton (1951)

Die eerste gemeente waarin Van der Merwe gedien het, was Silverton, die konsulentsgemeente van Pretoria. Vanweë die omstandighede van daardie tyd en die vloeibare aard van die samestelling van die gemeente, is op daardie stadium gebruik gemaak van tydelike predikante. A D Pont (die latere professor in Kerkgeskiedenis) het gedurende 1950 vir 'n jaar in Silverton gewerk. Hy sou in daardie tyd ook verder werk aan sy MA-verhandeling in Grieks.[19] Van der Merwe is voor 1951 onder dieselfde verstandhouding na Silverton beroep teen 'n verminderde traktementskaal.

Hy is op 19 Januarie 1951 in Silverton ontvang, op die aand van 20 Januarie bevestig en het sy intreepreek op Sondag 21 Januarie om 10:30 gelêwer. Prof B Gemser het by sy ontvangs opgetree, sowel as die konsulent ds E S Mulder (die latere opvolger van prof Gemser in Ou Testament), wat die verwelkomingswoord gespreek het. By hierdie geleentheid is naas 'n adres ook 'n geraamde foto van die kerkraad, wat by die afskeid van prop Pont in Desember 1950 geneem is, aan hom oorhandig.

Gedurende die jaar wat hy in Silverton werksaam was, is daar sonder sukses gepoog om 'n pastorie vir die gemeente aan te skaf. Van der Merwe was op hierdie stadium nog ongetroud. Hy was eers buite die gemeentegrense woonagtig, maar vestig hom op aandrang van die kerkraad in Ivystraat 18, Silverton. By die kerkraadsvergadering van 11 Augustus 1951 gee hy kennis dat hy wil voortgaan met sy verdere studie. Die betrokkenheid by die aktiwiteite van die gemeente het nie geleentheid gebied om ook voldoende aandag aan sy verdere studie te gee nie. Op die vergadering van 13 Oktober maak hy bekend "... dat hy nie langer as einde Desember in hierdie gemeente sal aanbly nie" (Notule Silverton 1951:124). Op die vergadering van 8 Desember word tot die beroep van 'n volgende predikant oorgegaan. Daar word ook besluit om 'n "lewenskoste" ('n diensbonus wat sedert die oorlogsjare uitbetaal[20] is) van £109 vir die jaar 1951 aan hom uit te betaal. Op 'n buitengewone vergadering van die kerkraad op 18 Desember word ds B J vd Merwe se brief van bedanking voorgelees en aangeneem. "Die vergadering besluit om sy dienste op 31 Desember te beeïndig" (Notule Silverton 1951:132). Sy ontslagbrief is geteken op

---

[19] Telefoniese gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.

[20] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die buitengewone kerkraadsvergadering van 27 Desember 1951. Hy het sy afskeidspreek gelewer op Sondagoggend 6 Januarie 1952.

## 5.2 'n Jaar van voorbereiding

Na die aanvaarding van sy "emeritaat" (vgl Almanak – Dreyer 1993:190) in Januarie 1952, bly hy in Pretoria aan vir die eerste ses maande van 1952. Die begrip "emeritaat" was die destydse aanduiding vir 'n geordende dienaar van die Woord wat losgemaak is van 'n gemeente en met verdere studie besig was.[21] Die Kuratorium neem hiervan kennis op 'n vergadering van 4 Januarie 1952: "Ds B J van der Merwe het sy vertrek na Holland uitgestel en studeer nog voorlopig aan die UP" (Notule Kuratorium 1952). Hy het in hierdie tyd 'n geweldige lang literatuurlys, wat hy van prof Gemser ontvang het, deurgewerk met die oog op sy studie oorsee.[22] Na sy verlowing aan Frieda is hy terug plaas toe, deels om haar geleentheid te gee om haar studie te voltooi en deels om sy ouers nog vir oulaas op die plaas te gaan help.

Hy doen aansoek om 'n lening by die Raad van Finansies vir sy studie oorsee. Die Raad willig in om aan hom 'n lening toe te staan van £100 per jaar teen 5% rente vir die tydperk van sy studie. Hy het ook op 24 September 1952 'n brief ontvang van die Hoofbestuur van die NHSV om hom in kennis te stel dat hulle aan hom 'n lening toestaan van £50 per jaar tydens sy studie oorsee, terugbetaalbaar teen 4% rente na die voltooiing van die studie. Uit die brief van die Algemene Kommissie van 20 Maart 1952 blyk dit dat Van der Merwe aanspreeklik sou bly vir die volle premie van sy pensioenfonds, al het hy ge-"emeriteer". Tot hierdie fonds het hy sy eie premie, sowel as die deel wat gewoonlik deur die gemeente van die predikant inbetaal word, bly bydra gedurende die hele tyd wat hy oorsee was (einde 1952 tot begin 1956). Hierdie finansiële las in 'n tyd waarin hy geen inkomste gehad het nie, tesame met die lenings wat aan hom toegestaan is vir sy studie oorsee, tesame met die lenings wat hy reeds ontvang het tydens sy BA- en BD-studie, sou lei tot 'n aansienlike skuldlas wat hom ingewag het by sy latere terugkeer van oorsee aan die begin van 1956. Dit sê egter ook iets van sy begeerte om homself akademies te bekwaam en van die prys wat hy bereid was om te betaal.

---

[21] Mededeling prof B J Engelbrecht 25/12/1998.

[22] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 15/01/1999.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit was in daardie tyd bykans vanselfsprekend dat doktorale studie oorsee veral in Nederland gedoen moes word. Veral prof S P Engelbrecht, dekaan van die Fakulteit Teologie op daardie stadium en uitgesproke Nederlandsgesinde, het hom daarvoor beywer dat nagraadse studie in Nederland gedoen moes word. Hy het ook aan Van der Merwe 'n aanbevelingsbrief vir die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereniging gegee. Hy sou van hierdie vereniging 'n beurs ontvang van £11 per maand gedurende sy drie jaar verblyf in Nederland.[23] Terwyl A D Pont in Utrecht gaan studeer het, sou Van der Merwe, soos E S Mulder en C J Labuschagne, in Groningen by Th C Vriezen gaan studeer. Dit was op aanbeveling van sy leermeester B Gemser.

Daar was verskillende redes om by Vriezen te gaan studeer. Hy het reeds met Vriezen se *Hoofdlijnen* in sy BD-jare kennis gemaak het. In sy *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament* van 1949, werk Vriezen met die Ou Testament as openbaringsgeskrif. Hy lewer 'n bydrae op die gebied van die Ou-Testamentiese teologie wat skouer aan skouer staan met die werk van Eichrodt en die latere werk van Von Rad. Krauss noem die werk "... einen in seiner Art beachtlichen Entwurf ... der eine wissenschaftliche Mittlerstellung zwischen angelsächsisher und deutschsprachiger Theologie einnimmt ..." (Kraus 1970:504). Harrington meen dat die enkele sin waarin Vriezen se werk saamgevat kan word, is dat die boodskap van die Ou Testament uit geloof voortkom en alleen mee ingestem kan word vanuit geloof (vgl Harrison 1973:50). Vir Vriezen is die essensie van daardie geloof vir Israel sowel as Christendom die opvatting van God as persoonlike God wat Godself in die geskiedenis bekend maak en in die wêreld inkom as lewende Heer wat gemeenskap soek met mense. Volgens Krauss (1970:132) doen Vriezen baanbrekerswerk deur "... zum erstenmal der gegenstand alttestamentlicher Theologie als Kerygma bzw. als "Die Theologischen Zeugnisse des Alten Testaments" "te neem." Hy neem die openbaring van Jesus Christus as vertrekpunt. Vir hom impliseer dit dat 'n navorser hom enersyds moet hou by die dissiplines van die filologie, argeologie, literatuurkunde, geskiedenis en godsdiensgeskiedenis en andersyds die Ou Testament moet hanteer as die Woord van God. Dit is presies die taal van Gemser. Hy beaam later in sy resensie op die tweede uitgawe van *Hoofdlijnen* dat Vriezen volkome reg is wanneer hy die "geestelike struktuur" (Gemser 1956:42) van die Ou Testament beskryf om van die

[23] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

histories-kritiese bronneteorie gebruik te maak. Gemser kon dit van harte aanbeveel by Van der Merwe om by Vriezen te gaan studeer. Die keuse het dus op Vriezen geval vanweë die invloed wat sy *Hoofdlijnen* hier plaaslik gehad het.[24] Edelkoort het in Utrecht gesit en het bepaalde idees oor die Christus-verwagting gehad. Dit was egter eerder by die gedagtes van Vriezen wat daar vanuit Suid-Afrika aansluiting gevind is.

Alhoewel die saak van profetiese verkondiging nie op daardie stadium 'n prominente onderwerp was nie, kon dit ook 'n rol gespeel het. Vriezen het heelwat oor die profete gepubliseer – die terrein waarop Van der Merwe later gedoktoreer het. Met sy aankoms in Nederland sou Van der Merwe ook die lesings kon bywoon wat Vriezen gedurende 1953 en 1954 oor die boek Jesaja gegee het.[25] Dit kon moontlik die rede wees hoekom E S Mulder en B J van der Merwe, wat onder sy promotorskap gepromoveer het, op daardie stadium albei onderwerpe uit die profeet Jesaja gekies het vir hulle doktorale tesisse. Daar kon ook in daardie tyd reeds belangstelling ontstaan het vir die profete in die lig van die toenemde bewuswording van die profetiese taak van die kerk teenoor die owerheid.[26] 'n Laaste rede was dat hy goed bekend was met Vriezen se vakbenadering uit die onderrig van Van Selms en veral Gemser. Vriezen was eweneens ook uit die etiese skool. Kritiese wetenskap het by hom ook hand aan hand geloop met geloofsoortuiging.

Met Gemser se getuigskrif in sy hand dat Ben die "gawe van hart en verstand het om sy studies vrugbaar voort te sit",[27] het hy sy planne agtermekaar begin kry vir studie by Vriezen, 'n mens met 'n besondere innemende geaardheid. Frieda was op daardie stadium nog nie klaar met haar studie nie. Haar weduweema, mev A J Smith, het haar op daardie stadium nog onderhou. Frieda het haar laaste vak op 8 November 1952 geskryf.[28] Die egpaar is op Dinsdag 18 November 1952 om 14:30 in Krugersdorp in die huwelik bevestig. Uit hierdie huwelik sou eventueel vier kinders gebore word: Alma, Barend, Paul en Ragel-Lea. Die egpaar vertrek per boot vanaf Durban na Nederland op 20 November 1952.

---

[24] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.

[25] Prof C J Labuschagne het volgens sy skriftelike mededeling van 07/12/1998 self nog in September 1953 hierdie lesings bygewoon.

[26] Gesprek met prof W C van Wyk 11/11/1998.

[27] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

[28] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 6. DOKTORALE STUDENT IN NEDERLAND (1953-1956)

### 6.1 Sy doktorale studie

Die egpaar vestig hulle aanvanklik in Nieuwe Ebbingstraat 84(a), Groningen. Hulle verhuis spoedig daarna na Werfstraat 1a in Groningen, waar hulle vir die res van hulle verblyf in Nederland gevestig sou wees. Dit was nie sonder betekenis dat Van der Merwe na die Rijksuniversiteit van Groningen gegaan het waar Vriezen doseer het nie. Groningen[29] was die Nederlandse bakermat van die "etiese rigting" in die teologie "... wat gepoog het om *sowel*[30] aan die eise van die rasionele as aan die eise van geloofservaring ruimte te bied" (Deist [1991]:12). Hierdie benadering was eerder geneig om van "reformatoriese teologie" as van gereformeerde teologie te praat.

Tydens sy verblyf van drie jaar in Nederland, hanteer sy pa sy geldsake in Suid-Afrika. Geld van die lenings wat hy ontvang het van die Hervormde Kerk en die Sustersvereniging is in sy rekening in die Potchefstroom-tak van die Nederlandse Bank van Suid-Afrika inbetaal. Sy pa het van daar die nodige jaarlikse oorbetalings vir sy seun se pensioenfonds gemaak en geld oorbetaal vir sy studie in Nederland. Ook op hierdie manier is die besondere band tussen pa en seun uitgebou.

Gedurende die tyd in Nederland het hy dikwels Sondae in gemeentes in die provinsie Groningen gepreek. Hy het onder andere die Geloftediens in Desember 1955 in London gehou. Hieruit kon die egpaar iets aanvul by hulle karige inkomste. Sy vrou het op verskillende plekke in Nederland vroueverenigings en kongresse toegespreek oor "die vrou in die kerk in Suid-Afrika". Inligting hiervoor het sy van haar ma in Suid-Afrika gekry, wat op daardie stadium op die NHSV Hoofbestuur gedien het. Die honoraria vir haar optredes was nie veel nie – "soms net 'n doos sjokolade".[31]

Gedurende 1954 en 1955 was die Van der Merwes en die Labuschagnes van die min Afrikaanssprekende egpare in Groningen.[32] Hulle was sterk op mekaar aan-

---

[29] Terwyl Groningen die bakermat van die etiese rigting was, is dit opvallend dat S P Engelbrecht in Utrecht gestudeer het, soos S Vermooten, D F Erasmus, H C M Fourie en J H J A Greyvenstein, maar nie aansluiting gevind het by die konfessionele teologiese rigting soos Vermooten en Erasmus nie, maar eerder "...by die etiese rigting, wat nie liberaal is nie, maar nie so konserwatief soos die konfessioneles nie" (vgl Dreyer 1992:7).

[30] Aan hierdie kursivering van Deist kan gesien word dat hier 'n benadering is wat aan twee pole probeer vashou. Enersyds is kritiese wetenskapsbeoefening belangrik en andersyds is belydenis net so belangrik, sonder dat dit ooit konfessionalisme word. Dit is die rigting waarin Van der Merwe tydens sy opleiding geskool was.

[31] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

[32] Skriftelike mededeling prof C J Labuscagne 07/12/1998.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gewys. C J Labuschagne, sy ou studentemaat, het gedurende 1954-55 ook by Vriezen studeer en aan die einde van 1955 sy doktorale eksamen afgelê. Van der Merwe het hom ook later in die voorwoord van sy tesis bedank vir die hulp wat hy aan hom daarmee verleen het. Terug in Suid-Afrika sou die vriendskap tussen die twee kollegas en vakgenote nog voortduur tot aan die einde van Van der Merwe se lewe.

By geleentheid van E S Mulder se verdediging van sy proefskrif op Donderdag 21 Januarie 1954 aan die Rijksuniversiteit van Groningen het Van der Merwe en A D Pont as sy paranimfe opgetree. Pont het in Utrecht studeer. Mulder se proefskrif was getitel "Die teologie van die Jesaja-Apokalipse". Hy het dit onder promotorskap van Th C Vriezen voltooi. By daardie geleentheid het Vriezen daarop gewys dat Mulder "... 'n ou tradisie volg deur as Suid-Afrikaner aan 'n Nederlandse universiteit te promoveer en het hy die hoop uitgespreek dat hierdie tradisie voortgesit sal word in die toekoms" (Pont 1954:23). Terug in Suid-Afrika sou daar 'n hartlike en kollegiale verhouding tussen Mulder en Van der Merwe bestaan. Hierdie verhouding het egter teen 1961 begin versuur toe Van der Merwe hom by Geyser geskaar het.

Hoewel dit deur ander gesê is, was daar nie by Van der Merwe enige gedagte dat hy die opvolger van B Gemser sou word nie. Daarvoor was hy te beskeie en miskien te realisties oor die kerklike politiek van sy dag. Soos sy tydgenote wou hy maar gewoon verder gaan studeer.[33] C J Labuschagne is egter van mening dat Gemser hom en Van der Merwe aangeraai het om by Vriezen te gaan studeer met die verwagting dat een van die twee hom wel sou opvolg.[34] Hy sou gedurende 1955 pensioenbare leeftyd bereik, maar was bereid om die moontlikheid te benut om tot op sewentigerjarige leeftyd aan te gaan.[35] Dit sou die ruimte gee aan albei hierdie persone om as kandidate vir sy pos te kwalifiseer. Gemser het op 30 Junie 1955 pensioenbare leeftyd bereik, maar het in tydelike hoedanigheid aangebly tot die einde van daardie jaar. Die Algemene Kommissie het E S Mulder gedurende 1955 op aanbeveling van die Dosentevergadering en die Kuratorium benoem as opvolger vir Gemser vanaf 1956. Hierdie benoeming was reeds gefinaliseer op die vergadering van die Kuratorium op 25 Mei 1955 (vgl Notule Kuratorium 1955:37). Dit het effektief die kandidatuur van

[33] Gesprek met prof A D Pont 03/12/1998.

[34] Skriftelike mededeling prof C J Labuschagne 07/12/1998.

[35] Artikel in voorbereiding vir publikasie oor B Gemser deur prof C J Labuschagne.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van der Merwe en Labuschagne, wat nog albei op daardie stadium besig was met doktorale studie in Nederland, finaal verydel.

Gedurende September 1954 lê Van der Merwe sy doktorale eksamen met lof af. In 'n brief gedateer 21 Oktober 1954 aan die Administrateur, mnr J H H Janson, skryf hy dat hy die eksamen met sukses afgelê het en begin het met sy "dissertasie". In die brief sê hy dat hy op 4 November 1954 'n vereniging in Nederland moet toespreek oor die "Rasseprobleem in Zuid Afrika". Hy versoek die administrateur om die besluite wat die Kerk tydens sy afgelope Algemene Kerkvergadering van Maart 1954 in hierdie verband geneem het, dringend per lugpos aan hom deur te stuur. Hy skryf: "Aangesien veral die Kerke se houding t.o.v. hierdie vraagstuk sterk gekritiseer word, sal dit my baie help as ek 'n offisiële uitspraak van die Kerk ter insae kan hê en dink ek dat dit die [lugpos-] koste regverdig". Die administrateur het aan sy versoek voldoen en aan hom die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 9 Maart 1954 en volgende dae gestuur, waarin bevestig word dat die Kerk hom uitspreek teen alle vorme van rassevermenging.

Tydens sy studiejare in Nederland publiseer hy twee vakkundige artikels in die *HTS* en twee populêre artikels in *Die Hervormer*. In sy vakkundige studie oor *Onverdiende genade – studie oor Jesaja,* voltooi in Mei 1954, gee hy aandag aan die teksprobleme en vertaling van Jesaja 43:22-28, die probleme en standpunte in die eksegese daarvan, die literêre vorm daarvan en 'n oplossing van die tekskritiese en eksegetiese probleme van die gedeelte. Hy vergelyk die Massoretiese lesing van die teks in die *Biblia Hebraica Kittel* van 1949, die Septuaginta lesing van Rahlfs en die Jesaja-teks van die Dooie Seerolle in Burrows se uitgawe van 1950. In hierdie perikoop steun die Dooie Seerol van Jesaja die Massoretiese tekslesing, terwyl dit volgens hom elders in die boek andersom is, deurdat dit eerder die lesing van die Septuagint steun.

Die probleem van die onverwagse oorgang van bestraffing na heilsverkondiging in vers 25 probeer hy op verskillende maniere oplos. Omdat "... elke ander oorlewering en veral vertaling van 'n religieuse teks al 'n sekere interpretasie daarvan veronderstel ..." (Van der Merwe 1954a:176), veronderstel hy by die Dooie Seerol en veral by die vertaling van die Septuagint 'n interpretasie van die vers. Die interpretasie wat die LXX gee, dat Israel geen offers gebring het nie, maar nogtans deur God begenadig sal word, het verkeerdelik aanleiding gegee tot die opskrif "onverdiende


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

genade" in die Afrikaanse vertaling se 1949-uitgawe. In aansluiting by Volz en Hertzberg vertolk hy dit eerder dat daar wel offers was, maar dat dit deur die Here verwerp is. Wanneer die Here hulle nou gaan red, is dit totaal onverdiend en uit louter genade.

Van der Merwe (1954a:180) onderbou sy argument met *Gattungsforschung* wat "... op die gebied van die Ou Testament nog 'n betreklike jong wetenskap ..." is waarvan "... daar nog nie 'n groot mate van eenheid in die resultate daarvan is nie". Hier is 'n twisgesprek binne 'n regskonteks wat uitwys dat Israel geen aanspraak op God se goedheid het nie en dit slegs uit genade kan ontvang. Die Afrikaanse vertaling het die literêre genre van die perikoop misken of nie daartoe gekom om die konsekwensies daarvan deur te trek nie. Dit is 'n poging "... tot harmonistiek, waarvan ten grondslag lê 'n Skrifbeskouing wat nie innerlike spanninge tussen verskillende gedeeltes in die Ou Testament kan aanvaar nie. Die radikale ontkenning dat die offerkultus deur Jahwe ingestel is of deur Hom vereis word, gaan teen sommige eksegete en vertalers se Skrifbeskouing in en daarom word allerlei middele aangegryp om hierdie spanning weg te redeneer" (Van der Merwe 1954a:187). Die tipering van die perikoop as twisgeprek verklaar juis die onverwagte oorgang van die verwyt in heilsverkondiging.

Die ontkenning dat Jahwe die offerkultus aan die volk opgedra het kom uit die wanopvating dat Jahwe 'n volksgod is wat afhanklik is van die offers van die volk. Die bestryding van die volksgodgedagte "... een van die hooftemas in die prediking van Jesaja 40-55" (Van der Merwe 1954b:189). Die afwysing van die kultus in Jesaja 43:22-24 staan wel in spanning met ander uitsprake in die Ou Testament. Die spanning moet egter vanuit 'n bepaalde agtergrond verstaan word: "[O]ns moet slegs oog daarvoor hê dat die verwerping van die kultus vanuit 'n bepaalde agtergrond en in 'n bepaalde periode net so noodsaaklik was as die aanprysing daarvan in 'n ander periode" (Van der Merwe 1954b:190). Hier gaan dit daaroor dat Israel geen reg op die redding van Jahwe het nie, maar skuldig staan teenoor Jahwe vanweë hulle sondes. Die redding is onverdiende genade ter wille van die heerlikheid van Jahwe die heilige van Israel. Op die taalgebruik van Jesaja 43:22-28 sou hy weer terugkom.

In sy artikel oor *Die betekenis van* מְלִצֶיךָ *(meliseka) (woordvoerders) in Jesaja 43:27*, geskryf in Augustus 1955, werk hy verder met sy bevinding dat dit in Jesaja 43:22-28 oor die verwerping van die volksgodgedagte gaan. Hy doen 'n filolo-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

giese ondersoek van die term binne verskillende literêre kontekste en van die ooreenstemmende term in Fenisiese literatuur. Hy volg die gedagte van A van Selms op dat dit 'n beampte aan die hof was, wat as tussenganger opgetree het om die woorde van die koning luidkeels oor te dra. Hy kom tot die bevinding dat dit hier dui op die priesters en volksprofete wat "... deur die verabsolutering van die kultus en die verspreiding van ongefundeerde heilsprofesië ..." (Van der Merwe 1955:176) 'n volksgod propageer. Hulle word hier heftig gekritiseer.

Naas sy artikel *oor Ds Jac. Van Belkum eervol herdenk in Leeuwarden* (1954c), verskyn ook sy artikel *oor Die Heerlikheid van Israel* (1954b) in *Die Hervormer*. Soos soveel keer daarna stel hy sy akademiese kennis hier ten dienste van die Kerk. In reaksie op ds J J Engelbrecht se opinie oor die aansien van Israel, wys hy uit dat dit gaan om die openbaring van die heerlikheid van God deur sy volk en nie om die opinie wat ander van hulle het of enige inherente eienskap van Israel nie. Hy bring Jesaja 40-55 in verband met Lukas 2:30-32 en wys op ... verskillende herinneringe (so nie woordelikse aanhalings nie) aan gedeeltes uit die O.T." (Van der Merwe 1954b:7). Hy werk met Kittel se teologiese woordeboek en met werkwoordstamme in Hebreeus en hulle afgeleide betekenis om die inhoud van "heerlikheid" te bepaal. Dis interessant dat hy nie in terme van voorspellings werk nie, maar die teologiese konsepte soos uitgedruk in die Ou Testament en soos vertolk deur die vertaler(s) van die Septuagint, gebruik. Hy werk dus op 'n manier wat jare later bekend sou wees as intertekstualiteit.

Op die Kuratoriumvergadering van 19 Augustus 1955 word kennis geneem dat ds B J van der Merwe hoop om sy proefskrif aan die einde van daardie jaar gereed te hê. Wanneer sy proefskrif dan ook voltooiing begin nader skryf hy in 'n brief van 23 September 1955 aan die Administrateur dat hy nie in Nederland voldoende geld kan werf om sy proefskrif te laat druk nie. Hy doen by die Raad van Finansies aansoek vir 'n verdere lening van £200 vir die druk en publikasiekoste van sy dissertasie. Die kwotasie wat hy van die Firma Wolters gekry het was £19-10-0 per 16 bladsye. Volgens sy beraming sou daar ongeveer 200 bladsye wees. Die Universiteitsbiblioteek sou £50 betaal vir die eksemplare wat aan hulle afgestaan moes word.

In sy antwoord van 7 November 1955 berig die Administrateur aan Van der Merwe dat die Raad van Finansies ingewillig het om die bedrag wat hy aangevra het, aan hom te leen op voorwaarde dat die bedrag saam met 5% rente binne drie jaar nadat hy in 'n gemeente bevestig is, sal terug betaal. Op 18 November dieselfde jaar


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

doen die Administrateur by Van der Merwe navraag of hy ook nog die jaarlikse bedrag van sy gewone lening van £100 nodig het. "Geldjies is hierdie jaar besonder skaars dus as u sonder dit kan klaarkom sal dit goed wees." In hierdie brief wens hy hom ook geluk met die beroep wat hy na die gemeente Johannesburg ontvang het.

In sy antwoord op die Administrateur se navraag oor die jaarlikse lening, gedateer 15 November 1955, skryf Van der Merwe dat hy beslis die geld nodig het, onder andere om die reisgeld terug na Suid-Afrika te betaal. Hy hoop om op 13 Januarie 1956 te promoveer en is van plan om dan dadelik na Suid-Afrika terug te keer. Op 5 Desember 1955 het die Administrateur slegs die helfte van die normale jaarlikse lening, saam met die volle bedrag vir die lening wat aangegaan is vir die druk van die proefskrif, in Van der Merwe se bankrekening by die Nederlandse Bank in Potchefstroom laat inbetaal. In sy brief van 13 Desember 1955 berig Van der Merwe aan die Administrateur dat die koste vir sy proefskrif uiteindelik tussen £360 en £400 sal wees. Die prys wat Van der Merwe vir sy oorsese studie sou betaal sou uiteindelik oploop tot die aansienlike bedrag van £910. Dit was ietwat meer as die gemiddelde jaarlikse traktement van 'n predikant.

Hy voltooi sy proefskrif in Desember 1955 onder die promotorskap van Th C Vriezen en verdedig dit op 13 Januarie 1956 aan die Rijksuniversiteit van Groningen. Hy behaal die graad met lof. Hy dra sy proefskrif op aan B Gemser by geleentheid van sy emeritaataanvaarding as hoogleraar in Ou-Testamentiese wetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Hy bedank sy "... kollega C J Labuschagne, Theol. Drs." (Van der Merwe 1956:I) wat hom die drukproewe help lees. Labuschagne tree ook by die verdediging op as sy paranimf. Tydens die promosieplegtigheid noem prof Semmelink dat 'n mens in die lees van die proefskrif telkemale die " ware pastor" teenkom.[36]

## 6.2 Sy doktorale tesis

Le Roux (1993:208) beskou Van der Merwe se doktorale proefskrif van 1955 as "... an excellent thesis and one of the best Old Testament works in Afrikaans". Van der Merwe het vyf tradisies in Jesjaja 40-55 ondersoek wat ook in die Pentateug voorkom, die van die skepping, paradys, sondvloed, aartsvaders en die Mosaïese tradisie. Hy kom tot die bevinding dat Deuterojesaja die tradisies nie direk of letterlik uit die

[36] Skriftelike mededeling mev Frieda Vorster (Van der Merwe) 28/12/1998.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pentateug gebruik het nie, maar ook vrylik uit ander dele van die Bybel. Hy het hierdie tradisies op 'n geheel eiesoortige wyse hanteer en na die eise van sy tyd en omstandighede in sy prediking gaan inwerk.

Van der Merwe werk met verskillende tradisies wat in omloop was. Uit verskillende fases van die bestaan van elkeen van hierdie tradisies het 'n literêre neerslag plaasgevind. Om die gebruik en betekenis van hierdie verskillende tradisies soos hulle in Deuterojesaja gebruik is te bepaal, maak hy gebruik van 'n verskeidenheid van metodes. Die verskeidenheid van die materiaal in die korpus maak dit nie moontlik om een vaste metode van ondersoek te gebruik nie. Hy volg in sy ondersoek breedweg 'n patroon wat aansluit by sy artikel *Onverdiende genade* van 1954. Hy werk met tekskritiek, *Gattungs*-analise, vergelykende godsdienswetenskap, historiese agtergrond en veral Ou-Testamentiese teologie. Die eintlike doel van sy ondersoek na die gebruik van verskillende tradisies in Deuterojesaja is om die prediking (teologie) van die korpus te bepaal. Daarom is hy dan ook voortdurend in kritiese gesprek met Vriezen, veral met die inhoud van sy *Hoofdlijnen,* en met verskillende ander navorsers, soos Eichrodt en Procksch.

Die stylvorm van die gedeelte waarin die bepaalde tradisie oorgeneem is, is vir hom van wesenlike belang. Dit wys op die literêre en historiese konteks waarin die profeet aan die tradisies wat hy hanteer 'n bepaalde betekenis gee, veral polemies van aard. Van der Merwe ontleed op hierdie wyse elke perikoop waarin daar spore is van die bepaalde tradisie wat hy kan eien, bespreek probleme wat navorsers in daardie bepaalde gedeelte sien, vergelyk die woordgebruik en tegniese terme in die Deuterojesajateks met die gegewens in die Pentateug, vergelyk dit weer met ander plekke in die Hebreeuse Bybel waar dieselfde tradisie voorkom en maak dan sy gevolgtrekking oor die aard en betekenis van die tradisie wat gebruik is. Sy hantering van die skeppingstradisie kan kortliks illustreer hoe hy te werk gegaan het met die verskillende tradisies.

Die teksweergawes waarmee hy werk, is Kittel se uitgawe van die Massoretiese teks, die van Burrows van die Dooie Seerol van Jesaja en die Septuagint. In die perikope waarin hy spore vind van die skeppingstradisie, gebruik hy eerstens *Gattungsforschung*. Die tradisie kom oorwegend in twisgesprekke voor. Binne die *Sitz im Leben* van die ballingskap benut die profeet die skeppingstradisie om te polemiseer teen die gedagte van 'n volksgod en propageer hy God se heerlikheid. Wanneer Van der Merwe Genesis 1-3 met Jesaja 40:18, 25 en 46:5 vergelyk, let hy veral


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

op woorde wat gemeenskaplik is. Die "termini" (Van der Merwe 1955:27) wat Deuterojesaja gebruik waarin die skeppingsgedagtes uitgedruk is, was reeds voor hom aan Israel bekend. Hy bevind dat Jesaja 40-55 die skeppingstradisie gebruik in die taal en styl wat by die himniese gedeeltes in die Ou Testament aansluit. Met die aanwending van die skeppingtradisie by Jeremia en Job is daar groot ooreenkomste, maar ook verskille, veral in die bedoeling waarvoor dit gebruik word. Die vergelyking daarmee versterk egter die gedagte dat Deuterojesaja sy skeppingsmateriaal aan dieselfde bronne ontleen as die himniese materiaal in die Ou Testament. Hierdie verwantskap met himnes en klaagsange, waar die skeppingstradisie ook voorkom, wys daarop dat Jesaja 40-55 nie net die profetiese tradisie van Jeremia voortsit nie, "maar ook die liturgiese tradisie ken en voortsit, hoewel met 'n aktualiserende betekenis ..." (Van der Merwe 1955:38).

Nadat hy die standpunte van verskillende outeurs oorweeg het, die historiese agtergrond soos dit bekend is uit literêre bronne en algemene navorsing in ag geneem het, die saak vanuit godsdienshistoriese en teologiese hoek bekyk het en daarmee rekening gehou het dat tradisies sake is wat dinamies ontwikkel, kom hy deur logiese afleiding van moontlikhede en beter moontlikhede wat meer aan die breër opset voldoen, tot sy bepaalde gevolgtrekkings. Deuterojesaja gebruik dieselfde skeppingstradisie as Genesis, alhoewel die ooreenkoms met Genesis "vaag en onduidelik" (Van der Merwe 1955:32) is. Daar is nie vir hom 'n wesenlike verskil tussen Genesis en Deuterojesaja nie. Laasgenoemde staan egter nader aan die gedagte dat die skepping uit niks plaasgevind het. Deuterojesaja is nie 'n kritiek op Genesis 1-3 se voorstelling nie, maar die verdere gebruik van die skeppingstradisie binne sy eie tyd om te polemiseer teen die gevaar om Jahwe maar net as een God onder die gode te sien. Deur hierdie verdere gebruik van die skeppingstradisie en die inkorporering daarvan in 'n eiesoortige teologie, kan daar wel in Jesaja 40-55 sprake wees van 'n "... sekere spanning tussen die prediking van Deuterojesaja oor die Skepper en die skepping en die voorstellings van Gen. 1 v " (Van der Merwe 1955:20). By Jesaja 40-55 het 'n kenmerkende teologiese tema ontwikkel: "So vind ons dus by Deuterojesaja die twee strominge wat ons dwarsdeur die Ou Testament aantref: naamlik dié van Jahwe as heilige God, onvergelykbaar met die afgode en mense; en dié van Jahwe wat Homself uit eie wil met die mense in 'n noue gemeenskap stel" (Van der Merwe 1955:17).

Vir die uitdrukking "tuin van Eden" volg Van der Merwe Begrich se teorie op dat hier gebruik gemaak word van 'n stylvorm wat 'n nabootsing is van die priester-

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services 

like heils- en verhoringsorakels. Hy is oortuig dat Deuterojesaja nie net bloot literator was nie, maar ook prediker (vgl Van der Merwe 1955:70). Daarom meen hy dat Deuterojesaja in gesprek met die ballinge verkeer het en geweet het watter klagtes hulle het om op te antwoord. In die bepaalde perikope gaan dit daarom oor die terugreis deur die woestyn wat beskryf word in terme van die eerste eksodus en ook die herstel van die land.

In sy hantering van die sondvloedtradisie word dit duidelik hoe Van der Merwe die tradisies sien as sake wat baie plasties is. Die heilsorakel in Jesaja 54:7-10 maak nie van Genesis 8:20-22 of Genesis 9:1-17 literêr gebruik nie. "Ons maak so van 'n profeet al te veel 'n eksegeet en ken ook aan bepaalde woorde en begrippe 'n waarde toe wat hulle kan hê, maar in hierdie verband nie hoef te hê nie" (Van der Merwe 1955:79). Deuterojesaja gebruik slegs 'n element uit die sondvloedtradisie as vergelykende motief om die verhouding tussen Jahwe en Sion in die tyd van herstel te skets.

Hy ondersoek die gebruik van die aartsvaderverhale in Jesaja 40-55 op drie vlakke: direkte verwysings na die aartsvaders, herinneringe aan element uit die aartsvadertradisies en die gebruik van Jakob-Israel as volksnaam. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Deuteronomistiese siening van die aartsvadertradisie, die Jahwistiese weergawe daarvan en die profetiese kritiek daarop, almal in Deuterojesaja verteenwoordig is en op eiesoortige wyse deel gemaak is van sy prediking in sy eie taal en styl. Hy werk wel in hierdie gedeelte met 'n "primêre betekenis" (vgl Van der Merwe 1955:106) van woorde, maar nie in die verabsoluteerde etimologiese vorm waarteen daar later soveel kritiek sou wees nie. Dit word verhoed deurdat hy aandag gee aan die kombinasie van woorde met ander woorde en die gevolglike betekenis nuanse wat dit afgee en met die konteks waarin die woord in die bepaalde passasie gebruik word.

Sy ondersoek na Mosaïese tradisies by Deuterojesaja kom weereens daarby uit dat ou tradisies hier doelbewus in nuwe vorms gegiet word. Die sentrale gedagte daarvan word behou, maar die terminologie, die vorm en die styl word aangepas by die eise van die omstandighede en die besondere vereistes van die prediking van Deuterojesaja. Die konfrontasie van Israel in die ballingskap met ander volkere en hulle godsdiens het meegebring dat selfs die vorm en styl van die mite ingespan moes word. In Jesaja 51:9 word die geskiedenis weergegee in die taal van die mitologie. Die skeppingsgebeure en die deurtoggebeure word hier verbind sodat die skeppingsgeloof 'n heilsbetekenis kry en die eksodusgeskiedenis in nuwe terminologie omskryf


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

word. "Hier word nie alleen die mite gehistoriseeer nie, maar die geskiedenis word hier gemitologiseer" (Van der Merwe 1955:206). Teenoor Weiser se standpunt dat Israel nooit eie mites gehad het nie omdat die natuurreligie as basis daarvoor ontbreek, erken Van der Merwe dat die ingrype van God in die geskiedenis wel "... 'n (of diè) hoofelement van die prediking van die O.T. is ..." (Van der Merwe 1955: 206), maar meen hy dat Israel tog 'n eie mitologie, wel verwant aan die oud-oosterse mitologie in die algemeen, gehad het. Die oorbeklemtoning van die historisering van die mitologie is volgens hom te wyte aan die beskouing dat die Ou Testament 'n getroue weergawe is van die Israelitiese volksvroomheid. "Intussen is die Ou Testament nie 'n weergawe van die godsdiensgeskiedenis van Israel nie, maar die boek waarin die openbaring van God aan Israel (op verskillende maniere en vanuit verskillende gesigspunte) beskrywe is; (Vriezen, Hoofdl., bl 23v.)" (Van der Merwe 1955:207). Daar moet erns gemaak word daarmee dat die mite uitdrukkingsvorm vir die geloof kan wees.

Wanneer Van der Merwe materiaal uit Deuterojesaja in verband bring met gedeeltes uit Eksodus en Numeri, maak hy gebruik van die resultate van die "bronnesplitsing" soos dit by Noth en Von Rad voorkom. Hy sien egter nie die saak as 'n "... meganiese samevoeging van J, E en P nie , maar eerder van die samevloeiing van verskillende motiewe, van verskillende variasies op dieselfde tema. Populêr uitgedruk sou gesê kan word dat 'n oorspronklike verhaal of verhale dikwels oorvertel is, telkens met 'n ander doel; so het daar 'n reeks variasies ontstaan wat op hulle beurt weer saamgevoeg is" (Van der Merwe 1955:220). Oorspronklik lokale aetiologiese verhale is op verskillende maniere en met verskillende doeleindes in die Pentateugtradisies en die bronne daarvan opgeneem. In Deuterojesaja word direk na verskeie van hierdie motiewe uit die mosaïese tradisie verwys. Deuterojesaja het sy eie keuse uit hierdie motiewe van die verskillende tradisies gemaak. Hy laat in die proses die verwysing na alle menslike figure en lokaliserings weg en veraktualiseer daardeur sy boodskap. Hy gebruik nie meer die ou formules nie, maar giet die tradisie in 'n nuwe terminologie van die skeppingstradisie.

In sy Samevatting van die gebruik van die verskillende tradisies toon Van der Merwe die volgende aan:

- Die verhouding van die tradisies in Jesaja 40-55 tot die tradisies in die Pentateug bestaan nie in 'n direkte aanhaling uit die Pentateug nie. Daar word wel direk


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

woorde daaruit gebruik, maar nooit so dat dit as sitaat beskou kan word nie. Die motiewe wat hy gebruik wyk nie af van die tradisie in die Pentateug nie. Daar is by Deuterojesaja 'n selfstandige weergawe van die tradisie. Hierdie selfstandigheid kon moontlik daaraan te wyte wees dat die Pentateug nog nie in Deuterojesaja se tyd sy huidige vorm gehad het nie. Van der Merwe dink egter dat die tradisies daarin alreeds vas gestaan het en dat die selfstandigheid eerder te wyte is aan die feit dat Deuterojesaja in die skeppingstradisie eerder by die tradisie in die himnes aangesluit het, as by Gen 1-3 en dat hy die tradisie veralgemeen het en motiewe daaruit gebruik het wat hy van belang geag het om sy eie verkondiging des te begrypliker te maak.

- Anders as Duhm, sien hy die agtergrond van die tradisies in Deuterojesaja nie net in die Jahwistiese tradisie nie, maar ook in die Deuteronomistiese tradisie en die priesterlike tradisie. Stilisties het sy prediking uit verskillende rigtings invloed ondergaan, soos blyk uit die gebruik van die twisgesprek, die kulties-liturgiese stylvorms, die himnes en die priesterlik-kultiese openbaringstaal. Inhoudelik is hy beïnvloed uit verskillende rigtings soos die inhoud en motiewe van die himnes, veral die skeppingstradisie, die inhoud van die klaaglied, motiewe ontleen aan bepaalde liturgiese formulerings, deur sy voorgangers Hosea en Jeremia se prediking en die mitologie.
- In Deuterojesaja se tyd was die tradisies van die skepping, die sondvloed, die aartsvaders en die Mosaïese tradisies algemeen bekend onder die breë laag van die bevolking. Die skeppingstradisie en die eksodustradisie het in die tyd van Deuterojesaja al tot vaste element in die liturgie geword. Mowinckel se nuwejaarsfees is 'n moontlike tuiste vir hierdie tradisies. Terwyl die aartsvadertradisie in daardie tyd nog nie sterk liturgies ontwikkel het nie, het die sondvloedtradisie nog nie in liturgiese komposisies inslag gevind nie. Die sondvloed kom ook nêrens in "historiese oorsigte" soos Psalm 105, 106 en Nehemia 9 voor nie.
- Deuterojesaja se aanwending van hierdie tradisies is aktualisties en teosentries. Hy gebruik dit as tipe vir die nuwe heilsdade van Jahwe. Hy gebruik nie een een van die tradisies as skema vir sy prediking nie. Hy verwag nie dat alles presies soos in die verlede sal verloop nie. Die tradisie is nie 'n dwangbuis waarin die toekomsbeeld gegiet word en waarin dit beperk word nie. "Hy idealiseer nie die verlede nie, maar die heilsdade van Jahwe in die verlede word deur sy aanwending

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die tradisie tot ligbakens in die duisternis van die hede" (Van der Merwe 1955:253).

Met hierdie tesis, wat getuig van harde en deurdringende werk, van gebalanseerde insigte wat selfs vandag nog die toets kan deurstaan en 'n teologiese erns wat sy *alma mater* en leermeesters tot groot eer strek, het Van der Merwe met lof toegetree tot die kring van gedoktoreerdes in die Ou Testament.

## Literatuurverwysings


Bakhuizen van den Brink, J N & Dankbaar, W F 1968. *Handboek der kerkgeschiedins, Vierde deel.* Den Haag: Bert Bakker.

Beuken, W A M 1979. *Jesaja, deel IIA: De Prediking van het Oude Testament.* Niijkerk: Callenbach.

Deist, F E (samesteller) [1991] Verslag: Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: Wetenskapsteoretiese en sosiaal-historiese studie, Volume 1: Samevattende verslag.

Dreyer, Joh 1955. Prof Dr B Gemser tree af *Die Hervormer* Desember 1955, 5.

— 1962. Die bedanking van prof A van Selms. *Die Hervormer* Julie 1962, 25.

Dreyer, P S 1992. Ook skadukante rondom ons opleiding. *Die Hervormer* 15 Maart 1992, 5 & 7.

— (red) 1993. *Almanak en Bybelse Dagboek.* Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 87e jaargang. Pretoria-wes: Gutenberg Boekdrukkers.

Engelbrecht, B J 1992a. Die teologie van ons fakulteit ná 1950: Gemser en sy opvolgers in Ou Testament. *Die Hervormer* 1 April 1992, 5.

—1992b. Die teologie van ons fakulteit ná 1950. *Die Hervormer* 1 Mei 1992, 5 & 8.

Fensham, F C. 1969. Ou-Testamentiese en semitiese studies in Suid-Afrika. *NGTT* 10/1, 77-85.

Gemser, B. 1956. Resensie van Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament.* Tweede druk, herzien en uitgebreid. *HTS* 12,41-44.

Harrington, W J 1973. *The path of Biblical Theology.* Dublin: Gill & Macmillan.

Jenni, E & Westermann, C (Hrsg) 1978. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament,* Band I. München: Chr Kaiser Verlag.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Koole, J L 1990. *Jesaja, II: Commentaar op het Oude Testament.* Kampen: JH Kok.

Kraus, H-J. 1969². *Die Biblische Theologie: Ihre Geschichte und Problematik.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Le Roux, J H 1993. *A Story of two ways: Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa.* Pretoria: Verba Vitae (OTE Supplement Number 2.)

Loader, J A 1989a. Vanselmiaanse indrukke. *Die Hervormer* Desember 1989, 7.

— 1989b. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45/2, 412-437.

— 1991. Hoofstuk 1. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding, in Verslag: Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: Wetenskapsteoretiese en sosiaal-historiese studie, Volume 3.

Mulder, E S 1968. Enkele grepe uit die Ou-Testamentiese wetenskap in die afgelope vyftig jaar. *HTS* 22/4, 2-10.

Notules van die Kuratorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk

Notules van die Nederduitsch Hervormde Kerk, gemeente Silverton.

Oberholzer, J P 1992a. Adrianus van Selms, deeltydse dosent 1938-1962. *HTS* 48/1 & 2, 67-82.

Oberholzer, J P 1992b. Berend Gemser, hoogleraar 1926-1955. *HTS* 48/1 & 2, 83-100.

Pont, A D 1954. Promosie van dr E S Mulder aan die Rijksuniversiteit van Groningen. *Die Hervormer* Maart 1954, 21 & 23.

*Theologia Evangelica* 1969. In memoriam: dr B J van der Merwe. *Theologia Evangelica* April 1969 II/1, 5-6.

Van der Merwe, B J 1954a. Onverdiende genade: 'n Studie oor Jesaja 43:22-28. *HTS* 10/4, 167-191.

— 1954b. Die heerlikheid van Israel. *Die Hervormer* Junie 1954, 7, 11, 14, 15 & 19.

— 1954c. Ds Jac van Belkum eervol herdenk in Leeuwarden. *Die Hervormer* September 1954, 17 & 21.

— 1955. Die betekenis van meliçe'ka (woordvoerders) in Jesaja 43:27. *HTS* 11/3, 169-177.

— 1956. *Pentateuchtradisies in die prediking van Deuterojesaja.* Groningen, Djakarta: JB Wolters.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van der Merwe, P J & Van Wyk, D J C 1992. Francois Jacobus van Zyl, hoogleraar 1960-1978. *HTS* 48/1 & 2, 381-405.

Van Heerden, S W [1991]. Hoofstuk 2: Die Bybelwetenskappe in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1917 tot 1958, in *Verslag: Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: Wetenskapsteoretiese en sosiaal-historiese studie,* Volume 3.

Van Wyk, D J C 1992. Prof dr A D Pont: 'n Waardering van sy lewe en werk. *HTS* 48/3 & 4, 515-574.

—1998. Wortels en agtergronde van hervormde teologie en kerkwees in Suid-Afrika. *HTS* 54/ 1 & 2, 245-263.

Van Zyl, F J 1992. Die lewe en werk van H P Wolmarans, teologiese dosent 1935-1959. *HTS* 48/ 1 & 2, 363-379.

Weiser,A 1961. *Glaube und Geschichte im Alten Testament und andere ausgewählte Schriften*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services